# DIE HISTORIESE METODE: TWEE AANGESIGTE VAN GESKIEDENIS

**F.A. van Jaarsveld**
*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002*

**Historical method: two faces of history**

In the first section of this paper Ranke's philological-critical or hermeneutic-individualising method of "understanding" is explained, which is closely related to the human sciences. This method is contrary to the analytical method of "explanation" which from the Enlightenment ran through Positivism to the present-day French Annales School and is closely related to the social sciences. Collestivistic group phenomena of a supra-individual and structural nature affecting the modern industrial society compelled the historian to extend his method with a view to include "understanding" as well as "explanation" without sacrificing the identity of history. Today history is not only a human but also a social science. The clash between South African historians since the seventies has rather been one of direction than method.

In die eerste afdeling van hierdie referaat word Ranke se filologies-kritiese of hermeneuties-individualiserende verstaanmetode wat ten nouste met die geesteswetenskappe verband hou, uiteengesit. Dit staan in teëstelling tot die analitiese "verklaar"-metode wat vanaf die Aufklärung oor die Positivisme tot in die Franse Annalesskool van vandag deurgeloop het, en ten nouste met die sosiale wetenskappe verband hou. Kollektivistiese groepsverskynsels van bo-individuele en strukturele aard wat met die moderne industriële samelewing in verband staan, het die historikus genoop om sy metode te verbreed om sowel die "verstaan" as "verklaar" van verskynsels in te sluit, sonder dat die vak eie aard verloor het. Geskiedenis is vandag sowel 'n geestes- as sosiale wetenskap. Die botsing tussen Suid-Afrikaanse historici sedert die sewentigerjare was eerder 'n rigtingstryd as 'n metodestryd.

## 1. Die hermeneuties-individualiserende verstaanmetode van 'n geesteswetenskapliggeoriënteerde geskiedskrywing*

In 1857 het Johann Gustav Droysen sy *Grundriss der Historik*[1] uitgebring, later vollediger uitgewerk in sy *Historik: Vorlesungen über Enzyklopädie und Methodologie der Geschichte.*[2] Hiermee is die grondslag gelê vir die historiese metode wat deur Leopold von Ranke sedert 1822 beoefen en vervolmaak is, maar nooit sistematies of teoreties deur hom beskryf is nie, behalwe vir kort aantekeninge as 'n inleiding tot sy voorlesings van 1831-1832, "Über das Studium der Geschichte". Daarin het Ranke ses eise vir die historiese bedryf neergelê. Die eerste is 'n suiwer waarheidsliefde, die tweede diepgaande bronnestudie, die derde 'n universele belangstelling, die vierde vasstelling van 'n kousale verbinding tussen feite, vyfdens onpartydigheid en objektiwiteit en sesdens 'n opvatting van die totaliteit van die objek wat bestudeer word.[3]

---

*Voordrag in die Departement Semitiese Tale by Unisa op 26 Maart 1992.
1. Herdruk, Halle-Saale, 1925.
2. Herdruk, München, 1958.
3. Volker Dotterweich en Walther Fuchs (reds.), *Leopold von Ranke, Vorlesungs-Einleitungen* IV (München, 1975), pp. 72-73.

Met sy *Historik* wat die grondslag gevorm het vir skrywers oor die tema ná hom,[4] verstaan Johann Gustav Droysen 'n teorie wat die grondslae van die geskiedwetenskap as vakdissipline, dit wil sê sy "dissiplinêre matrix", uiteensit en fundeer. Hierdie grondslae bestaan in 'n sistematiese samehang van vyf vir die vakwetenskaplike navorsing en geskiedskrywing maatstafverskaffende faktore, naamlik, eerstens oriënteringsbehoeftes in die tyd, tweedens leidende idees oor die ervaringe in die verlede van die mens, derdens metodiese reëls vir die empiriese navorsing, vierdens vorme van die daarstelling en vyfdens funksies van die bestaansoriëntering.[5] Hier sal slegs op die derde aspek ingegaan word.

Onder historiese metode verstaan ons die gesamentlikheid van reëls vir die historiese denke en bedryf, wat met rasionaliteit te doen het, naamlik die sekerheid van die historiese kennis of sy waarheidsaanspraak. Dit moet die resultaat wees van metodies gereëlde navorsingsprosesse wat die navorsing laat begin eerstens met kennisoperasie van die **heuristiek**: Is deur die historiese vraagstelling vasgestel wat 'n mens **wil** weet, word volgens vasgestelde reëls getoets wat 'n mens **kan** weet. Heuristiek is die werkwyse van 'n sistematiese versameling en klassifikasie van relevante bronne en die bepaling van hulle inligtingswaarde. Die tweede metodologiese stap in die historiese navorsing bestaan in die **kritiek** wat handel oor die inligtingsgehalte van die bronne, waarin die historiese hulpwetenskappe ter sprake kom. Die derde, afsluitende stap bestaan in die *interpretasie* of vertolking waarin, deur middel van kritiek uit die bronne verkreë inligting oor die menslike handelinge van die verlede, tot 'n voorstelling of beeld ooreenkomstig die historiese vraag saamgevoeg word. Vierdens volg die *daarstelling* wat via die navorsing voortgebragte voorstelling van 'n stuk menslike verlede in die vorm van "geskiedenis" gestalte aanneem. Vir Marc Bloch is geskiedenis "die wetenskap van die mens in die tyd"[6] en vir Henri-Irénée Marrou is dit "kennis van die mens se verlede".[7] Vir Ranke is geskiedenis tegelyk wetenskap en kuns.[8] Volgens hom waarborg die historiese metode die objektiwiteit van historiese uitsprake of oordele.[9]

Jan Romein verkies om van die "moderne tegniek van die historiese ondersoek"[10] te praat in plaas van die term historiese metode te gebruik, wat hom in twaalf punte laat saamvat. Eerstens die keuse van 'n tema, tweedens die kennisname van wat tevore reeds daaroor geskryf is, derdens die opsporing van bronne (heuristiek), vierdens die versameling daarvan in direk-bruikbare vorm (gepubliseerde dokumente, fotokopieë of uittreksels), vyfdens die kritiese beoordeling van die bronne, sesdens die sifting van wat 'n mens vir sy geskiedeniswerk nodig het en wat tersyde gestel word, ten sewende die indeling van die stof in verband met agt, naamlik die opset van die boek, waarna pas ten negende die skrywe daarvan kan begin. As tien, elf en twaalf volg dan nog respektiewelik die voetnote, die inleiding en 'n register.

In *The Practice of History* sê G.R. Elton: "Historical method is no more than a recognized and tested way of extracting from what the past has left the true facts and events of that past, and so far as possible their true meaning and interrelation, the whole governed by the first principle of historical understanding, namely that the past must be studied in its own right for its own sake and on its own terms."[11]

---

4. Vgl. bv. Ernst Bernheim, *Einleitung in die Geschichtswissenschaft* (Leipzig, herdruk in 1909) en Wilhelm Bauer, *Einführung in das Stadium der Geschichte* (Tübingen, 1921).
5. Kyk Jörn Rüsen, *Rekonstruktion der Vergangenheit* (Göttingen, 1986), p. 9; *Historische Vernunft* (Göttingen, 1983), p. 29. Vgl. ook Rüsen se boeke oor Droysen: *Begriffene Geschichte: Genesis und Begründung der Geschichtstheorie* (Paderborn, 1969) en *Für eine erneuerte Historik: Studien zur Theorie der Geschichtswissenschaft* (Stuttgart-Bad Cannstatt, 1976).
6. M. Bloch, *The historian's craft* (Manchester, 1954), p. 27.
7. H.-I. Marrou, *Über die historische Erkenntnis* (Freiburg-München, 1973), p. 41.
8. V. Dotterweich en W. Fuchs, *op cit.*, p. 72.
9. *Ibid.*, pp. 77, 80-81.
10. J. Romein, *In de Hof der Historie* (Amsterdam, 1951), p. 86.
11. G.R. Elton, *The practice of History* (Londen, 1967), p. 65.

Die historiese metode[12] vereis die volgende stappe: **Eerstens** moet daar die innerlike drang by 'n navorser wees om 'n vraag aan die verlede te stel. Baie hang af van die persoonlike aanleg en belangstelling watter soort vraag aan die verlede gestel gaan word - of dit polities, sosiaal, ekonomies of kultureel sal wees. Die historiese vraagstelling kan ook saamhang met die tyd waarin die navorser leef, wat opheldering soek van historiese kragte wat lank reeds hul intrede gedoen het. Volgens Lucien Febvre hou dié vraag verband met 'n historiese probleem wat 'n navorser wil oplos, dus "geen probleemstelling, geen geskiedskrywing nie".

**Tweedens** gaan dit om die heuristiek of die opsporing van bronne. Onder bronne verstaan H.J. de Vleeschauwer die literêr nog onverwerkte gegewens wat as materiaal vir 'n wetenskaplike ondersoek beskikbaar is. Bernheim onderverdeel dit in **taalkundige** (taalverskynsels, familiename, dialekte) en **saaklike** bronne (antropologiese en argeologiese oorblyfsels soos kleipotte, klipwerktuie, seëls, munte, kleitablette met spykerskrif, inskripsies en monumente) en verder in **tradisies** wat op sy beurt onderverdeel word in mondelinge (verhale, sages, mites, liedere anekdotes, spreekwoorde, ensovoorts), saaklike (genealogie, gebruike, sedes, kaarte, ensovoorts), geskrewe (oorkondes, aktes, staatstukke, naamrolle, registers, ensovoorts) en literêre tradisies (kronieke, annale, mémoires, dagboeke, briewe, koerante, ensovoorts). Bronne is die spore wat deur 'n kultuur nagelaat is. Van belang is 'n beweegbare kaartsisteem vir die bewaring van dokumentasie.

**Derdens** is daar die kritiek op die bronne. Dit bestaan uit uitwendige en inwendige kritiek wat ten tye van die opsporing toegepas word. Geen bron is volmaak of volledig nie, want dit is die resultaat van menslike werksaamhede. Dit kan onbetroubaar of selfs vervals wees. Die wetenskaplike werksaamheid begin altyd met twyfel oor wat in die dokumente te vind is. Die uitwendige of eksterne kritiek raak die totstandkoming en geskiedenis van die materiaal. Ses vrae moet daaroor beantwoord word: Wie is die skrywer van die dokument? Wanneer het dit ontstaan? Waar is dit opgestel? Is die dokument eg of 'n vervalsing? Is dit oorspronklik of 'n afskrif? In watter toestand verkeer dit?

Wat die outeur betref, wanneer hy anoniem is, kan styl- en skrifvergelyking van ander handskrifte help om sy identiteit vas te stel. Wat die tydstip van ontstaan betref, kan by ongedateerde bronne ook die vergelykende skrifmetode, 'n ondersoek na die watermerk of die skrifvorm van nut wees. Die watermerk op 'n dokument, taalkundige eienaardighede of skryfvorme kan ook help met die vasstelling van die plek van ontstaan. Dit is noodsaaklik om die egtheid van 'n bron vas te stel. Vervalsings om ekonomiese motiewe is so oud soos die berge. Skrifanalise en skrifvergelyking is 'n goeie middel vir die opsporing van 'n vervalste dokument. Eers wanneer die egtheid vasgestel is, het 'n dokument inligtingswaarde. Wat die oorspronklikheid van 'n bron betref: Van afskrifte moet teruggewerk word tot die oorspronklike of argetipe. Die navorser moet deur vergelyking na herkenningstekens soek en altyd van die oorspronklike of oudste teks (of so na as moontlik aan die oorspronklike) gebruik maak, en nie van 'n afskrif nie.

Dit is by die uitwendige kritiek waar die ondersoeker van hulpwetenskappe gebruik maak. Hulle is nie outonome wetenskappe in eie reg nie, maar suiwer hulptegnieke en wetenskapsinstrumente met 'n onselfstandige aard wat die historiese navorser help om tot betroubare kennis oor die verlede te geraak. Die hulpwetenskappe is die chronologie of tydrekeningkunde, die diplomasie of oorkondeleer, die epigrafiek (opskrifte en inskripsies op klipgedenktekens), die genealogie met familiestambome en geslagsregisters, die heraldiek of wapenkunde, die numismatiek of muntkunde, die paleografie of skrifkunde en die sfragistiek of seëlkunde.

12. Kyk H.J. de Vleeschauwer, *Handleiding by die wetenskaplike tegniek* (Johannesburg, 1961) C.H.V. Langlois en Ch. Signobos, *Introduction to the study of History* (Londen, 1932 (oorspr 1898)); G.J. Garraghan, *A guide to historical method* (New York, 1957), J. Barzun en H.F. Graff *The modern researcher* (San Diego, 1985); R.J. Schafer, *A guide to historical method* (Illinois 1969) en E.I. Strubbe, *Inleiding tot die historische critiek* (Antwerpern, 1954).

**Vierdens** gaan dit om die inwendige of interne kritiek, ook bronanalise genoem. Die heuristiek het 'n outentieke of gesuiwerde dokument gelewer, wat dit nou aan die hermeneutiek of bronne-uitleg oorlaat om 'n korrekte opvatting daarvan moontlik te maak. Die navorser moet die inhoud van binne-uit benader. Of die bron inligtingswaarde het, hang van twee dinge af: Van die navorser wat dit hanteer en van die opsteller van die dokument. Omdat hy 'n vreemde wêreld geestelik binnedring, moet die navorser die bron onbevange benader, met ander woorde, bewus wees van die feit dat elke mens vooroordele het, en dat sy omgewing en sy tyd soms onbewustelik op sy waarde-oordele kan inwerk. Die bron moet verstaan word soos die opsteller dit bedoel het. Volgens Ranke moet die ondersoeker sy persoon sover moontlik uitskakel.

Wat die outeur van die dokument betref: Sy betroubaarheid en geloofwaardigheid moet met twee vrae getoets word. Eerstens **kon** hy die waarheid berig en tweedens **wou** hy die waarheid meedeel? Die eerste vraag toets die **bevoegdheid** van die skrywer: Was hy 'n ooggetuie of het hy van hoor-sê getuig, en hoe lank na die gebeurtenis is sy getuienis opgeteken? Gegewens oor sy ouderdom, sosiale stand en geestesgesteldheid mag van nut wees. Die tweede vraag handel oor die opsteller se **geloofwaardigheid**: Wat was sy motief met die opstelling van die dokument? Het hy sekere dinge opsetlik verswyg of vervals en waarom? Die outeur se bewerings moet, waar moontlik, deur vergelyking met die gegewens van ander skrywers getoets word. Wanneer twee of meer tydgenootlike opstellers wat ooggetuies van 'n gebeurtenis was, onafhanklik van mekaar dieselfde feit berig, kan 'n mens aanneem dat dit waar is.

Dit bring die navorser, **vyfdens**, by die sintese of die ordening van die feite. Nadat die materiaal uit- en inwendig ontleed en die feite vasgestel is, bly dit die skeppende taak van die navorser om hulle vertolkend in samehang te bring, sódanig dat die kennisliggaam 'n antwoord op die vraag, of ook 'n oplossing van die gestelde probleem, aanbied. Die rangskikking van die feite rondom die vraag (of probleem) moet soos 'n rooi draad deur sy dissertasie loop: Die geheel word deur die onderdele opgebou en die onderdele ontvang hulle ordening vanuit die geheel. Dit bring eenheid en helderheid van betoog in die werk. Die skema of inhoudsopgawe wat die vraagstuk in logiese eenhede of geperiodiseerde onderafdelings verdeel, toon of die skrywer sy tema beheers het. Verbeeldingskrag help dat die boek 'n organiese eenheid vorm wat stylkrag en taalbeheersing in die vorm van vertelling openbaar.

Die skrywer moet duidelikheid in sy historiese voorstelling of beeld openbaar en tot persoonlike insig kom. Daar moet teen oortollige besonderhede gewaak word, sodat die verhaal bondig aangebied word. 'n Inleiding lig die gestelde probleem en metode wat gevolg is en die bydrae tot die bestaande literatuur toe. Die kritiese apparaat verwys in voetnote na die bronne waaruit die inligting geput is, wat van die waarheid van die outeur se bevindinge getuig en getoets kan word, wat hom teen kritiek kan beskerm. 'n Literatuur- en bronnelys volg agter in die boek, terwyl 'n register naslaanwerk sal vergemaklik. Die navorsingsresultaat kan die vorm van 'n verhandeling, dissertasie, proefskrif, monografie, biografie, opstel of artikel aanneem.[13]

Na aanleiding van die natuurwetenskaplike metode van sy tyd wat objektiewe en sekere kennis voortgebring het, het Ranke 'n geskied-wetenskaplike metode ontwerp in die veronderstelling dat daar 'n wesensonderskeid tussen die verskynsels van die natuur en die kultuur bestaan, wat vir die geskiedenis 'n prinsipieel ander soort metode vereis om tot objektiewe kennis te geraak: historisme teenoor naturalisme. Terwyl die natuur die skouplek is van ewig herhalende verskynsels, dus wetmatig en voorspelbaar, is historiese verskynsels uniek, eenmalig, individueel, dus onherhaalbaar en nie voorspelbaar nie, gevul met wil en doel en dus nie kousaal-meganisties aan mekaar verbind nie. Derhalwe moet hulle uit hulleself verstaan en beoordeel word met die waardemaatstawe van die tyd waarin hulle tevoorskyn gekom het. Historiese verskynsels word deur die historikus se inlewingsvermoë as individualiteite

13. Kyk F.A. van Jaarsveld, *Teorie en metodiek vir Geskiedenisonderrig* (Johannesburg, 1960), pp. 30-36; F.A. van Jaarsveld, *'n Inleiding tot die studie van Geskiedenis,* (Elsiesrivier, 1980), p. 7 e.v.

bereik en as sodanig verstaan en vertolk. Derhalwe is die filologies-kritiese metode van Ranke ook die individualiserende of hermeneutiese verstaanmetode genoem. Hiervolgens is die historiese "verstaan" die spesifieke wyse waarvolgens die geskiedenis geken kan word, dus die toegangsvoorwaarde tot die histories-menslike wêreld, teenoorgesteld aan die "verklaar" van die natuurwetenskaplike metode wat op die vasstelling van wetlik-kousale samehange ingestel is, en dus nie aanwendbaar op die geskiedenis nie. Deur die jare heen was dit die basis van historiese opleiding.

## 2. Die moderne, op die natuur- en sosiale wetenskap-georiënteerde geskiedskrywing: die analitiese verklaarmetode

Tot sover die wesenskenmerke van Ranke se filologies-kritiese, hermeneuties-individualiserende verstaanmetode wat 'n sterk literêre inslag het en deur interpreterende vertelling gekenmerk word. Dit het in oud-Europa van ná die Franse Rewolusie, die Romantiek en in die voor-industriële tydperk van Duitsland ontstaan,[14] toe die staat en sy beveiliging belangrik was. Vandaar die tipiese temas van die Ranke-model van wetenskaplike geskiedskrywing soos die politiek, staat, diplomatieke betrekkinge, groot manne en oorloë. Sedertdien het die wêreld verander. Eerstens het die tegnologies-industrieel-stedelike wêreld geleidelik tevoorskyn gekom, modernisering genoem, wat samelewingsverskynsels soos groepe, klasse, massas, dus kollektiwiteite naas individualiteite, as objek van studie aangebied het. Tweedens het die sosiale wetenskappe naas geskiedenis opgekom, soos sosiologie, ekonomie, staatsleer en antropologie wat ook die mens in die samelewing bestudeer, maar sterker in groepsverband.

Hierdie gedragswetenskappe, veral die sosiologie, het in die natuurwetenskaplik-positivistiese tradisie die nomologiese metode gevolg wat op veralgemening, reëlmatighede, herhalende konstantes, tipes, teorieë en voorspelling ingestel is. Terwyl die veranderde histories-maatskaplike werklikheid nuwe tema-velde aan die geskiedenis verskaf het, het die sosiale wetenskappe, veral sosiologie, aan die geskiedenis die eis gestel om deur metodiese vernuwing homself ooreenkomstig sosiaal-wetenskaplike metodes te omvorm en tot "wetenskap" te verhef[15] wat tot die ontdekking van wette, voorspelling en die verandering van die wêreld kan lei.

Die hermeneutiese verstaanmetode van Ranke was juis 'n reaksie teen die analitiese verklaarmetode van die Verligtingshistorici wat via die Positivisme, parallel met Ranke se historiese metode, deurgeloop het tot in die Marxisme,[16] die Amerikaanse "New History,[17] Die Franse Annalesskool en die nuwe Duitse Historiese Sosiale Wetenskap van Hans-Ulrich Wehler.[18] Ranke se metode is voortdurend vanuit genoemde rigtings aangeval en uitgedaag, wat die vak geskiedenis gedwing het om sy dissiplinêre matrix van tyd tot tyd te hersien en by moderniseringsverskynsels aan te pas. Geskiedenis is nie 'n dissipline met volmaakte en vir eens en vir altyd vasgestelde reëls en metodes en met 'n eweneens onveranderlike objek van studie soos byvoorbeeld die staat en politiek nie.

Die Positivisme soos voorgestaan deur Comte, Buckle, en Lamprecht het die individualiserende verstaanmetode irrasioneel en onwetenskaplik bevind en 'n vasstelling van wetmatigheid soortgelyk aan die natuurwetenskap vereis, wat tot 'n metodestryd gelei en 'n skerp skeiding tussen die sosiologiese en historiese metode gebring het, naamlik die nomotetiese versus die ideografiese, dus verstaan- versus verklaarmetode. Dié stryd het Ranke se verstaanmetode in Duitsland tot na die Tweede Wêreldoorlog laat voortduur. Die Amerikaanse "New History" het geskiededenis onder die sosiale wetenskappe tuisgebring en die klem van die objek na die

14. F.A. van Jaarsveld, *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie* (Pretoria, 1980), p. 7 e.v.
15. E. Le Roy Ladurie, *The mind and method of the historian* (Brighton, 1981), p. 27.
16. Kyk Eckermann en Mohr, *Einführung in das stadium der Geschichte* (Berlyn, 1966), wat oor die Marxistiese historiese metode handel.
17. Vgl. C.L. Becker, *Everyman his own historian* (Chicago, 1966).
18. H.-U. Wehler, *Historische Sozialwissenschaft und Geschichtsschreibung* (Göttingen, 1980).

subjek verlê met presentisme as uitgangspunt, wat tot relativisme en 'n grenslose subjektivisme in die voortbrenging van historiese kennis gelei het. Die Annaleshistorici van Frankryk het politieke geskiedenis tot oppervlakte- en gebeurtenisgeskiedenis gedegradeer en dieptegeskiedenis geëis, naamlik herhalende siklusse, reëlmatighede, terugkerende konjunkture en strukture. Tog het hulle die verstaanmetode naas die analitiese verklaarmetode behou. Die Duitse Historiese Sosiale Wetenskapsgeskiedenis van H.-U. Wehler het in 1961 ontstaan omdat daar klem gelê is op bo-individuele verskynsels soos strukture en prosesse wat nie toereikend deur die individualiserende verstaanmetode beskryf en verklaar kan word nie. Die Marxisme het van die dialektiese teorie-benadering (tese-antitese-sintese) uitgegaan wat op historiese wette ingestel is, waarin die verstaanmetode ontoepaslik is.

Historici van bogenoemde rigtings het tot die gevolgtrekking gekom dat geskiedenis as tradisionele geesteswetenskap wat baie nou aan die filologie en aanvanklik literêre tradisie verbonde was en wat hom slegs van die hermeneutiese verstaanmetode bedien, nie meer deug nie. Hulle het verklaar dat dit 'n wetenskap is wat nie meer net primêr gebeurtenisse, persone, intensies en handelinge navors nie, maar ook strukture en prosesse, waarvan die handelendes nie ten volle bewus was of kon geweet het nie. Metodies volg hieruit 'n sterk intrekking van die generaliserend-verklarende, analitiese werkwyse by die geskiedwetenskap, wat tradisioneel die voorkeur aan 'n hermeneuties-individualiserende verstaanmetode gegee en homself as geesteswetenskap laat verstaan het.[19]

Onder die invloed van ontwikkelinge in die sosiale wetenskappe het daar 'n toenemende belangstelling gekom vir 'n meer strukturele ondersoek van die verlede deur middel van vooraf-vasstaande probleemstellinge en hipoteses, en word daar vandag meer nadruk gelê op 'n generaliserende werkwyse (begrippe, modelle, paradigmata en tipes). Die vir die vak - sedert die Historisme - kenmerkend geagte individualiserende benadering, wat van persone en gebeurtenisse uitgaan en wat as uniek gesien word, word al meer verlaat. Neo-Marxiste en historici van die Franse Annalesskool soos Bloch,[20] Febvre, Braudel[21] en Le Roy Ladurie het hulle aandag veral op die ekonomiese, sosiale en antropologiese aspekte van die verlede gerig. Onder andere deur hulle toedoen het nuwe subdissiplines opgekom soos historiese demografie en mentaliteits- en kwantitatiewe geskiedenis. Vandag word aandag gegee aan onderwerpe wat vroeër in die geskiedenis gènegeer is soos byvoorbeeld voeding, epidemies, gesondheid, jeug, ouderdom, dood, seksualiteit, huwelik en gesin, gesondheid, demografie, klimaat en onderwys.

Samevattend: Geskiedenis as hermeneuties-verstanende geesteswetenskap bestaan nog, maar nou nááს geskiedenis as analities-verklarende sosiale wetenskap. Die een sluit die ander nie uit nie. Geskiedenis het sy selfstandigheid teenoor die Marxisme en die sosiale wetenskappe bewys en sy identiteit behou, dus nie in 'n natuurwetenskap of in sosiologie verander nie. Dit het as 'n aparte dissipline met eie aard, objekte en metodes bly voortbestaan. Wat gebeur het, is dat geskiedenis sy onderwerpe uitgebrei en sy metode verruim het. Hy het dit gedoen deur van die sosiaal-wetenskaplike metodes te leen, onder andere die statistiese en kwantitatiewe metode, waarin die rekenaar onmisbaar vir die moderne historikus geword het.

Dit is duidelik dat die hermeneuties-individualiserende verstaanmetode van die vroeë 19de eeu wat aan die filologie verbind was en op die filosofiese grondslag van die Idealisme, Romantiek en Historisme gestaan het, nie meer alleen ten volle aan die eise kan voldoen nie wat deur die moderne, geïndustrialiseerde samelewing met sy massamens- en bo-individuele samelewingsverskynsels gestel word.[22]

Daarom dat die moderne geskiedwetenskap sonder om sy identiteit as afsonderlike dissipline prys te gee, nader aan die sosiale wetenskappe beweeg het, en van

---

19. Kyk F.A. van Jaarsveld, 'Objek en metode in die wetenskap van die geskiedenis, 1825-1980', in *Moderne Geskiedskrywing* (Durban, 1982), pp. 1-41.
20. Marc Bloch, *The historian's craft* (Manchester, 1954).
21. Fernand Braudel, *Écrits sur l'histoire* (Parys, 1969).
22. Theodor Schieder, *Geschichte als Wissenschaft* (München, 1965), pp. 149 en 187.

hulle metodes as hulp- of leenmetodes gebruik maak om fenomene te bestudeer waartoe die hermeneutiese verstaanmetode hom vanweë sy inherente beperkinge, as ontoereikend bewys het. Daarom dat die moderne geskiedenis 'n ingewikkelde wetenskap op pluriforme grondslag geword het, wat tegelyk geestes- en sosiale wetenskap genoem kan word, afhangende van die hoek waaruit na hom gekyk word.

Terwyl Ranke die klem op die staat gelê en 'n elite-geskiedenis van **bo** beoefen het, het die nuwe rigtings die perspektief na 'n geskiedenis van **onder**, dit wil sê na die samelewing, verlê en dus 'n verskuiwing van die individu na groepe, massas, prosesse, strukture en kollektiwiteite teweeg gebring. Die Annales-historici het met grense tussen die historiese takdissiplines en die buurwetenskappe probeer wegdoen en dus 'n integrale, holistiese of "totale" geskiedenis probeer skryf met "die mens" in die sentrum, dit wil sê hulle het geskiedenis tot 'n sosiale wetenskap omvorm. Sou 'n mens die Ranke- en die Annalesbenadering tot die geskiedenis vergelyk, lyk die prentjie soos volg:

| **Ranke se verstaanmetode** | **Annales se verklaarmetode** |
| --- | --- |
| Tradisionele geskiedenis | Nuwe soort geskiedenis |
| Politieke geskiedenis | Sosiale en ekonomiese |
| Behou tak- en buurdissiplines van die vak | Ontgrensing en interdissiplinêre benadering |
| Staatkundige verskynsels | Sosiale en antropologiese |
| Temas en metode staties | Verbreed temas en metode |
| Geskiedenis van bo | Geskiedenis van onder |
| Individualiserend | Kollektivisties |
| Bewuste geskiedenis | Onbewuste geskiedenis |
| Persoonlikhede | Strukture |
| Gebeurtenisgeskiedenis | Prosesgeskiedenis |
| Individualiseer | Veralgemeen |
| Verstaan | Verklaar |
| Beskrywend, kwalitatief | Analiserend, kwantitatief, statistieke, getalle |
| Oppervlakte-geskiedenis | Dieptegeskiedenis |
| Uniekhede, eenmalige | Herhalende reëlmatighede, sikliese konjunkture |
| Individue | Groepe, massas |
| Beskrywing, vertelling, verhalend | Ontledende, kwantitatiewe en strukturele geskiedenis |
| Ideografiese metode | Nomologiese metode |
| Tradisionele geesteswetenskap | Nuwe sosiale wetenskap |

Die nuwe soort geskiedenis van die laat 20ste eeu het egter nie die Ranke-model van wetenskaplike geskiedenis vervang nie, eerder aangevul.

Tot vandag toe bestaan daar waardering vir Ranke se hermeneutiese verstaanmetode en objektiwiteitstrewe. Met die herdenking van sy dood 'n honderd jaar gelede, het 'n boek verskyn onder die titel *Leopold von Ranke und die moderne Geschichtswissenschaft.*[23] Hierin skryf onder andere Rudolf Vierhaus dat Ranke se roem op drie dinge gegrond is: Sy kritiese bronnenavorsing, sy literêre meesterskap en sy objektiwiteitsideaal. Thomas Nipperdey getuig dat laasgenoemde nog steeds "'n sterk teorie" is. Die redakteur van die boek, Wolfgang Mommsen, wat in die moderne rigting staan, vat die posisie van Ranke soos volg saam: Ranke se historio-

---

23. W. Mommsen (red.), (Stuttgart, 1988).

grafiese werk stel in velerlei opsigte 'n voorbeeld, ook vir die huidige geskiedeniswetenskap. Sy vereiste sistematiese bronnekritiek as grondslag vir ernstige historiese navorsing, het tot 'n vaste bestanddeel van die metodekánon van die geskiedwetenskap geword.[24]

Dat Ranke se begrypende verhaalmetode nog leef en vandag herwaardeer word, blyk daaruit dat, as gevolg van die ontgogeling by die geskiedenisliefhebbende publiek met die onlees- en ongenietbaarheid van die sosiale wetenskapsgeskiedenis, (dit wil sê die syfers, tabelle, grafieke en abstrakte tipe sosiologiese uitsprake), daar tans in Frankryk en Europa 'n terugkeer is na die verhalende geskiedskrywing asook 'n herlewing van die politieke geskiedenis, hoewel nou op 'n breëre grondslag as vroeër.[25]

## 3. Welke metode?

Suid-Afrikaanse historici het anders as die Duitsers nooit 'n stryd tussen die individualiserende en kollektivistiese, verstaan- teenoor die verklaarmetode geken nie. Wat in die Honneursklasse geleer is, is dat die Positivisme, dit is die nomologiese natuurwetenskaplike of sosiologiese metode, onhistories was en is, en deur sy soeke na veralgemeninge of wette in die geskiedenis, onaanvaarbaar vir die historikus is. Dit is as 'n aanslag teen die wetenskap van die geskiedenis beskou. So ook die Marxistiese metode van tese-antitese-sintese, naamlik teorietoepassing op die geskiedenis. Ook is Suid-Afrikaanse historici van huisuit geleer om die grense tussen vakke te respekteer, dit geld sowel takdissiplines as buurwetenskappe van die geskiedenis. Elkeen se middelpunt lê in homself en het sy eie objek of studieveld en metode.

Omdat die meeste geskiedenisstudente voorbereiding vir die onderwys ontvang het, was en is hulle vakkeuse beperk. Slegs onderrigvakke is toegelaat en nie hoofvakke soos sosiologie, ekonomie, antropologie of staatsleer by geskiedenis nie, dus eerder biologie of 'n taal. Dit het geskiedenisstudente verstoke gelaat van kennis van die inhoud en metode van genoemde vakke, met ander woorde, hulle het nie in aanraking gekom met statistiese of kwantifiserende metodes nie. Sekere temas is nie as historiese temas beskou nie, soos byvoorbeeld sosiale vraagstukke of ekonomiese temas, wat gereken is te behoort tot die sosiologie of ekonomie. Ek kan getuig van ervaring: 'n aantal studente wat deur my sosiaal-ekonomiese temas vir nagraadse studie gesuggereer is, het teruggekom met die wysheid: ons het moeite gedoen, maar ons kan nie met syfers werk nie omdat ons nie ervaring daarvan gehad het nie.

Dit raak hier onder andere die armblankevraagstuk- en verstedelikingsgeskiedenis. Die gevolg was 'n beperking van temas tot die politiek. Anders as Europese studente wat geskiedenis neem, weet Suid-Afrikaanse studente wanneer hulle in die eerstejaar met geskiedenis inskryf, nie of hulle eendag nagraads daarmee sal voortgaan nie, derhalwe word geskiedenis as keusevak nie versterk met aanverwante vakke soos volkekunde, sosiologie of ekonomie nie. Wanneer daar besluit word om ná BA-III met geskiedenis voort te gaan, is dit te laat om ander vakke te neem, wat ook die MA-temakeuse beperk. Afrikanerstudente het ook nie meer in Nederland of Duitsland vir die doktorsgraad gaan studeer nie, sodat hulle nie op hoogte gebly het met die jongste tipe literatuur op historiese terrein nie. 'n Gebrek aan kennis van Nederlands, Duits of Frans het ook hulle visie beperk. Uit ervaring weet ons dat voorgraadse studente nie Nederlandse, Duitse of Engelse vaktydskrifte in die biblioteek gaan lees nie. Die gevolg was en is geestelike isolasie. Hierteenoor was die Angel-Saksiese wêreld meer toeganklik vir die Engelssprekende student en dosent, en is deur uitruiling van personeel nuwe idees oor die moderne geskiedskrywing versprei. Hierteenoor het Nederland 'n kulturele boikot toegepas wat Afrikanerdosente nadelig getref het.

---

24. A.W., pp. 11, 140, 222.
25. Vgl. F.A. van Jaarsveld, ''n Terugkeer na die verhalende geskiedskrywing', *Historia* 36(1), Mei 1991, pp. 2-7 en F.A. van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms* (Johannesburg, 1992).

Die Afrikanerstudent het nie ervaring gehad van die Positivisme in die geskiedwetenskap nie, en het dus nie 'n progressiewe historiese tradisie leer ken nie. Hulle het hulle onder die leiding van dosente gehou aan die narratiewe, hermeneutiese verstaanmetode van Ranke, wat hulle temaveld beperk het tot staat en politiek, en was dus aangewese op argiefmateriaal wat met genoemde metode bestudeer kon word. Maar ook die Engelstalige historici het opleiding in die Ranke-model van geskiedwetenskap ontvang, hoewel hulle meer ontvanklik was vir die vernuwende tendensies in die Engels-Amerikaanse geskiedwetenskaplike beoefening.

Tog was die koms na Suid-Afrika van die revisionistiese, ook radikale stroming genoem, wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die wortel af wou hervorm, ook 'n skok vir die liberale Engelstalige historici. Wel het W.M. Macmillan geglo dat sy geskiedskrywing eintlik "sosiale wetenskap" is, wat die samelewing kan hervorm wat genl. Hertzog op grond daarvan van segregasie tot integrasie kon laat bekeer. Daar het 'n debat tussen liberale en radikale Engelstalige historici ontstaan, waarby die Afrikanerhistorici onbetrokke was en ook nie betrokke wou wees nie. Die radikale is met die historiese materialisme geassosieer wat hullesinsiens teorietoepassing op die geskiedenis is, en het die Marxistiese benadering verbind aan die "totale aanslag" op die Republiek van Suid-Afrika. Toe enkele Afrikanerhistorici kritiek op diegene toegepas het wat die geskiedenis "versosiologiseer" het, is hulle deur jong Afrikanergeskiedkundiges uit radikale geledere veroordeel en het daar vir 'n wyle "a storm in a teacup" geheers. Trouens, die radikale "aanslag" á la Gramsci, is deur konvensionele historici bevraagteken; daarin is 'n aantasting gesien van die grondslae van die tradisionele geskiedwetenskap.

Sommige historici het die sosiaal-ekonomiese en antropologiese benadering soos beoefen in die Franse Annalesskool in hulle opleidingskursusse ingevoer, asook teoreties verkondig, wat nie onmiddellik vrugte afgewerp het nie. Tog het die boodskap langsamerhand deurgewerk en tot temaverbreding aanleiding gegee. Vir die Afrikaanssprekende was dit meer 'n krisis in tematologie as in metodologie, want die tradisionele temas was beperk tot die Afrikanerstaatidee, en dié het rondom staat en politiek gesentreer.

Vandag is kennis van die generaliserende verklaarmetode nie meer 'n onbekende terrein nie, en geskiedenis nie meer 'n vak wat eksklusief net op die Ranke-model van geskiedwetenskap berus nie. Die temaveld bepaal die metode wat benut sal word om tot kennis daarvan te geraak. As gevolg van die verontrusting wat in historiese kringe ingetree het met die toetrede van die radikale stroming in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, het die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging met 'n ondersoek na die grondslae van die geskiedwetenskap begin. Tans het daar sodanige toenadering tussen die historici gekom, en is die skerp kante van die radikale rigting sodanig afgeslyt en die beperkinge van die liberale geskiedskrywing sodanig opgehef dat hulle mekaar op kongresse gevind het, wat die ondersoek eintlik irrelevant laat word het, hoewel dit tog nog nut kan hê. Die geskille onder Suid-Afrikaanse historici sedert die jare sewentig was eerder 'n rigtingstryd as wat dit 'n metodestryd was.

Veral nou dat die kommunistiese geskiedskrywing in die voormalige Sowjetunie en Oos-Europa saam met die Marxisme tot 'n val gekom het, is die kans op toenadering en onderlinge begrip veel groter as voorheen. Vandag is dit met hierdie soort ideologiese geskiedskrywing verby - tensy iemand dit om bevrydingsideologiese redes nog verder wil benut. Die Ranke-model van wetenskaplike geskiedskrywing sal die basis van ons universitêre opleiding bly, maar namate daar temaverandering plaasvind, sal terruggegryp moet word op die generaliserende verklaarmetode wat van die sosiale wetenskappe afkomstig is met die doel om die nuwe doelstellinge met geskiedenis te kan bereik. Dit beteken dat geskiedenis as vak nader aan die sosiale wetenskappe sal moet beweeg. Geskiedenis sal sy tradisionele opleidingsmetode behou, maar met die studie van nuwe temas sy metode moet verbreed om aan die vereistes van die moderne geskiedwetenskap te kan voldoen, wat onder andere die gebruik van die rekenaar insluit. Dit geld temas soos demografiese veranderinge deur verstedeliking en ander sosiaal-ekonomiese gebiede. Vandag word geskiedenis tot sowel die geestes- as sosiale wetenskap gereken waarvoor in ons opleiding voorsiening gemaak sal moet word.